# RIGTERS 11:30 – 40

**TEMA: Jefta se Belofte**

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)
Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

## SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: RIGTERS 11:30-40

**Rig. 11:29 Toe het die Gees van die HERE op Jefta gekom, en hy het oorgetrek na Gílead en Manasse en verder deur na Mispe in Gílead; en van Mispe in Gílead het hy deurgetrek na die kinders van Ammon.**

**Rig. 11:30 En Jefta het aan die HERE ‘n gelofte gedoen en gesê: As U werklik die kinders van Ammon in my hand gee,**

**Rig. 11:31 dan sal wat uitkom, wat uit die deure van my huis uitkom my tegemoet, as ek in vrede terugkom van die kinders van Ammon, aan die HERE behoort, en ek sal dit as ‘n brandoffer bring.**

**Rig. 11:32 Daarop het Jefta deurgetrek na die kinders van Ammon om teen hulle te veg, en die HERE het hulle in sy hand gegee.**

**Rig. 11:33 En hy het hulle verslaan van Aroër af in die rigting na Minnit, twintig stede, en tot by Abel-Kerámim—’n baie groot slag; sodat die kinders van Ammon verneder is voor die kinders van Israel.**

**Rig. 11:34 En toe Jefta in Mispa by sy huis kom, gaan sy dogter juis uit hom tegemoet met tamboeryne en koordanse; en sy was die enigste kind: hy het geen seun of dogter buiten haar gehad nie.**

**Rig. 11:35 En net toe hy haar sien, skeur hy sy klere en sê: Ag, my dogter, jy druk my heeltemal neer, en jy stort my in die ongeluk! Want ek het my mond geopen teenoor die HERE, en ek kan nie terugtrek nie.**

**Rig. 11:36 En sy antwoord hom: My vader, as u u mond geopen het teenoor die HERE, maak met my soos uit u mond uitgegaan het nadat die HERE u volkome wraak verskaf het op u vyande, op die kinders van Ammon.**

**Rig. 11:37 Verder het sy vir haar vader gesê: Laat dít my toegestaan word: laat my twee maande vry, dat ek kan weggaan en afdaal na die berge en my maagdelike staat beween, ek en my vriendinne.**

**Rig. 11:38 En hy sê: Gaan! En hy het haar vir twee maande laat gaan. Sy het toe weggegaan met haar vriendinne en haar maagdelike staat op die berge beween.**

**Rig. 11:39 En aan die end van twee maande het sy na haar vader teruggekom, en hy het die gelofte wat deur hom gedoen is, aan haar voltrek; en sy het geen man beken nie. En dit het ‘n gewoonte geword in Israel**

**Rig. 11:40 dat die dogters van Israel jaar vir jaar heengaan om die dogter van Jefta, die Gileadiet, te besing, vier dae in die jaar**

**-o0o-**

**Ps 50:14 Offer dank aan God, en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste**

-o0o-

## 1. ‘N GESPREK MET DIE HERE

Een more word ek wakker met die vrae in my gedagte:

- Hoekom gaan dit met die wêreld se mense so goed, maar tog met die kinders van die Here se mense, nie so goed nie?
- Daar is altyd allerhande probleme onder die kinders van die Here, alhoewel die **mense** se harte so gerig is en reg is met die Here, hulle regtig probeer om die Here te dien en moeite in te sit.
- My vraag aan die Here: *”Iewers Here, is daar iets te kort onder U kinders. Wat is skort Here?”*

Daardie selfde dag terwyl ek met iemand praat, toe besef ek, dit is die antwoord van die vraag!

### i) DIE VRAAG:

***Hoe betroubaar is ek regtig teenoor die beloftes wat ek maak?***

Die Woord van God sê vir ons dat as ek vir die geringste van God se huis ‘n glas water gee dan doen ek dit aan die Here Homself. Dit alles wat ek doen aan ‘n medegelowige, broer en suster, dit doen ek aan Hom. Hebreërs 6 leer ons dat ons moet diensbaar wees aan die gelowiges. (Liggaam van Christus)

Heb 6:10 Want God is nie onregverdig om julle werk te vergeet nie en die liefde-arbeid wat julle betoon het vir sy Naam, omdat julle die heiliges gedien het en nog dien.

### ii) BELOFTES:

As ek aan my mede broer of my suster ‘n **belofte** gemaak het en myself verbind het aan ‘n saak, dan moet ek dit uitvoer.

***Voorbeeld***: Om te sê jy sal hom of haar daarmee help of iets spesifiek doen, dan maak ons die belofte aan die persoon en aan God Homself.

***Vervulling van ’n belofte**:* Daar rus ‘n geweldige seën en geestelike groei, juis in omdat ons getrou en betroubaar is om die belofte te vervul.

### iii) STRUIKELBLOKKE:

Die vyand wil jou verhoed om jou beloftes te vervul, omrede hy met allerhande struikelblokke vorendag kom, soveel so dat dit naderhand onmoontlik is om die belofte na te kom.

***Voorbeeld**:* As ek ‘n besluit neem om ‘n uitreiking saam ‘n bediening te doen, is dit ‘n belofte aan die bediening, myself, my huis, aan die liggaam van Christus, maar grootliks aan God.

Om gehoorsaam te wees, bring seëninge! Eers gehoorsaamheid dan seëninge, nie andersom nie.

Ps 50:14 Offer dank aan God, en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste;

- God het nie ons offers nodig nie, maar ons gehoorsaamheid.
- Gehoorsaamheid is beter as offerandes.
- Hy stel belang in ’n man en ‘n vrou wat kan staan by hulle besluite, wat kan deurvoer dit wat hy/sy belowe het en waaraan hy/sy homself/ haarself verbind het.

1 Sam 15:22 Daarop sê Samuel: Het die HERE behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van die HERE? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme.
1 Sam 15:23 Want wederstrewigheid is ‘n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery en beeldediens. Omdat jy die woord van die HERE verwerp het, het Hy jou as koning verwerp.

- ***Herken die vyand se taktiek***: Die vyand hoor die beloftes wat jy maak en hy voel bedreig deur jou, daarom sal hy alles doen om jou te keer.

-o0o-

***Voorbeeld**:* Jou belofte om saam op 'n uitreiking te gaan.

Die Here wil jou daar gebruik, jou seën en jou geestelik laat groei, omrede die liggaam van Christus diensbaar moet wees aan die mede heiliges.

- ***Jy is 'n struikelblok vir die vyand:*** Die vyand wil nie hê jy moet geseënd wees nie; nie bruikbaar nie, en ook nie geestelik groei nie, daarom beplan hy en bring struikelblokke op ons pad.

- ***Dit lyk soos 'n berg voor ons**:* Die struikelblokke van die vyand waarteen ons vaskyk, maak ons mismoedig en laat ons opgee; daarom kanselleer ons vinnig die beloftes wat ons gemaak het.

  - Die dinge wat satan in ons pad gebring het, word dan groter as die wil van God vir ons lewens.
  - God se seëninge en geestelike groei kan dan nie deurbreek in ons lewens nie, omrede ons nie kan volhard tot die einde toe nie. Dan is ons nie 'n man en 'n vrou van ons woord nie,
  - Daarom stagneer ons en geestelike dood begin intree.

**iv) <u>WAAR Lê DIE FOUT?</u>**

Ons soek die fout by almal behalwe by onsself. As ons 'n belofte aan onsself of aan die Here gemaak het, dan moet ons dit onvoorwaardelik uitvoer.

- Ons moet nie onder satan se struikelblokke swig nie, maar slegs onder God se wil vir ons lewens.

  - Hierdie is 'n groot probleem in die liggaam van Christus. Ons aanvaar te maklik die struikelblokke wat die bose op ons pad langs bring. Ons sien nie die regte skuldige (culprit) agter satan se planne raak nie, daarom aanvaar ons te maklik, kanselleer maklik al ons planne en beloftes waar die Here ons eintlik betrokke wil maak. Ons mis dan die hele plan!

As ons God sal gehoorsaam, sal ons die vervulde seëninge ontvang wat Hy belowe.

-o0o-

## <u>JEFTA SE BELOFTE</u>
**Rigters 11:30-40**

Hulle kom in 'n oorlog en Jefta vra die Here vir oorwinning dan sal hy 'n offer bring aan die Here.

***i)*** **Die offer van 'n belofte:** Die eerste ding wat uit sy huis uit sal uitkom, as hy by die huis aankom na die oorlog, sal hy offer.

- Hier maak hy 'n belofte aan God.
- Die Here toets toe vir Jefta.
- Die eerste "ding" wat uit Jefta se huis kom is sy dogter om hom welkom te heet, nadat hy teruggekom het van die oorlogsveld.

***ii)*** **Die verskriklike prys wat hy moet betaal: Sy dogter!**

Maar Jefta is 'n man van sy woord en selfs daardie belofte wat hy aan God gemaak het, vervul hy deur sy eie dogter aan God te offer.

- Dit gaan nie om 'n offer te bring nie, maar om sy belofte aan God te volhou, en daarby te staan.
- Dit gaan om God te eer.
- Die gaan om vir God te sê dat hy respekteer Hom en dat hy sy belofte aan Hom sal hou.

### 1. MINAGTING

As ons nie 'n belofte teenoor 'n sekere party kan nakom nie, dan is dit disrespek teenoor daardie persoon, wat beteken dat die struikelblok van die vyand wat in ons pad gekom het, groter is as die ander party.

- Hoe eer ons God met ons beloftes aan mekaar en aan onsself?

-o0o-

- ❖ Dus, moet nie ‘n belofte maak wat jy nie kan na-kom nie.

### 2. ‘n GROOT PROBLEEM IN DIE LIGGAAM VAN CHRISTUS

Daar word soveel leë beloftes gemaak en die beloftes word nooit tot vervulling gebring nie. Mense verbind hulleself met ‘n bediening en uitreikings maar verlaat en onttrek weer net soos dit hulle pas!

*Hoekom?*

- Hou ‘n mens regtig sy/haar belofte stand?
- Is dit regtig hoe ons die Here eer? Met valse beloftes en valse eer?
- Is dit die respek wat ons vir God het?

### 3. DIE SLEUTEL

Hierdie is die groot sleutel tot die swaarkry van die liggaam van Christus daar buite. Kom ons gaan sonder voor die Here af en doen self ondersoek.

i) Lê die fout nie miskien hier nie?

ii) Is dit nie miskien die rede hoekom dit gaan met mense soos dit gaan nie? Ons verwag altyd God moet vir ons die beste gee, ons oeste laat inkom, finansies gee, maar hoe vêr staan ek en jy in die beloftes wat ons tot God gemaak het?

iii) Hetsy dit tot God direk is, tot ons broers en susters, tot myself. Hoe kom ek en jy daardie beloftes na?

iv) My eie huisgesin is ook deel van God se koninkryk. Wat van die beloftes wat ek aan my huisgesin gemaak het? Om meer tyd saam my kinders te spandeer? Om meer tyd saam die Here te spandeer?

Dit is hoekom dit so met die kinders van die Here gaan, want ons ag die duiwel en sy werke hoër as God. Dus, as ons beloftes maak aan God, dan moet ons dit volbring anders gaan ons die oordeel van die Here sien en ervaar in ons lewens, en dit is minagting teenoor daardie party as ons nie ons beloftes kan na kom nie.

### 4. HAND IN EIE BOESEM STEEK

i) Ons moet leer om ons mond in toom hou en nie net lukraak aan mense, instansies en bedieninge leë beloftes maak nie.

ii) Ons woord moet ons eer wees. Mense het nie meer respek vir die woord wat uit hulle monde uit gaan nie.

iii) Die Gees van die Here praat uit die gelowige se mond uit ja, maar as ek die belofte van die Gees minag en nie vervul nie, dan is ek dan nie onderdanig aan die Gees nie.

- Hierdie is ‘n baie seer wond en seer plek in die liggaam van Christus.
- Dikwels is die kind van God se woord is nie meer sy eer nie.
- As die wêreld na die kind van God kyk, soek hulle nie mense wat onbetroubaar is en vals is nie, maar wel ‘n persoon op wie se woord hulle kan staat maak – ‘n eerlike persoon en behulpsame persoon wat hom kan help om ‘n beter lewe te kan voer. Om vir iemand te sê jy gaan hom terug bel en nooit terug te bel nie, is ‘n gebroke belofte.

Kom ons gaan doen selfondersoek en vra die Gees van God om die leë beloftes in ons eie lewens, aan ons te openbaar.

Ek vertrou dat elkeen wat die boodskap lees, vandag regtig moeite sal doen om die beloftes na te kom wat gemaak is aan ‘n ander party en die Here.

Wees geseënd in Jesus Christus se naam.

-o0o-